**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1365

JAARGANG XXI | WOENSDAG 27 APRIL 1966 | NR. 5

## *Universitet van Natal:*

# ENGELSE STUDENTEKOERANT SKRYF SMEERARTIKEL OOR P.U. VIR C.H.O.

'N SKOKKENDE BEELD van die beperkende omgewing waarin die studente van Potchefstroom leef, blyk duidelik uit die besonderhede van die verpligte kursus in Etiek en Logika. Die onmoontlikheid van 'n neutrale wetenskap word op alle studente afgedruk. Die houding teenoor die wetenskap kan alleen dien om navorsing in te perk.

**So skryf Nux, amptelike studentekoerant van die Universiteit van Natal in 'n leuenagtige smeerartikel oor die P.U. vir C.H.O. in die uitgawe van 31 Maart.**

Aan die P.U. heers 'n hoërskoolatmosfeer wat die besoeker verras. Studente word nie soos volwasse en opgevoede mense behandel nie, maar is onderhewig aan regulasies soos in koskole skryf die betrokke korrespondent. Indien 'n lesing nie bygewoon word nie, word die studente soos ongehoorsame kinders gestraf.

**Besoekers aan Potchefstroom kan dit byna nie glo as hulle sien dat mans en dames nie deurmekaar mag swem nie.**

**GRAPPIG**

Die strenge Calvinisme van die P.U. mag bespotlik wees as dit op die swembadvlak beskou word, maar dit is minder grappig as die invloed daarvan op die akademiese sfeer beskou word.

Die artikel skets voorts die beperkende invloed van die „gedwonge" gedagtegang aan die P.U. op die wetenskap, en die „onreg" wat wetenskaplikes aangedoen word wat gewyd is aan die ontdekking van wetenskaplike waarhede.

In dieselfde artikel word enkele redes aangegee waarom die Afrikaanse studente vroeër jare met Nusas gebreek het. Aan die studente van die P.U. word glo nie 'n onpartydige prentjie van Nusas voorgehou nie.

Die artikel word op 'n simpatieke toon afgesluit. Die skrywer bewonder daardie paar studente aan die P.U. wat die leer van die Universiteit bevraagteken, wat die sosiale en kulturele slawerny afskud — al is dit nie ooglopend nie.

● **Die Studenteraad van die P.U. het nog geen amptelike persverklaring uitgereik oor hierdie aanval op die karakter van die studentegemeenskap en die Universiteit nie.**


PAGE FOUR | NUX | THURSDAY, 31st MARCH, 1966

NUX VISITS P.U. for C.H.E.

In answer to the question "Why does the Potchefstroom University for Christian Higher Education want to be a Christian University?" this reply is given in their students' handbook. "To the question set in the above heading our answer can be very direct. The P.U. for C.H.E. wants to be a Christian University because it must and can be a Christian University. The P.U. for C.H.E. must be a Christian University, otherwise it would be untrue to its history. The P.U. for C.H.E. can be a Christian University, otherwise the Christian academic is untrue to his view of life and the world.

These "reasons" for the University of Potchefstroom being a Christian University are indicative of the basic assumption on which the University is founded; the assumption that Christianity, or more particularly, Calvinism is beyond question—it just is. From this underlying principle of the importance and infallibility of Calvinism it follows that the doctrines of Calvinism will pervade all aspects of university life from academic pursuits to recreation.

"AND NEVER THE TWAIN SHALL MEET"

One of the things that visitors to Pochefstroom find most absurd and even difficult to believe is a notice-board outside the swimming bath which informs male and female bathers when they may use the swimming bath—seperately. In this subject Article IV of the general rules of the swimming bath declares: "Mixed bathing is not allowed. Official swimming competitions at which both women as well as men take part, can be held. Such occasions will always be under proper supervision."

This, one of the older buildings on the campus, is the first encountered on entering Potchefstroom University.

The high-school atmosphere of Potch is another thing which takes the visitor by surprise. Students are not treated like mature and responsible people, but are subject to regulations much like those of boarding schools. It is absolutely forbidden to miss lectures, and any student who feels that his time could be more profitably spent outside the lecture room is likely to find himself reprimanded and punished like a naughty child.

SOCIAL LIFE

One particularly interesting point which came to our attention, but on which we have no official information and can thus not present as an indisputable fact, is the regulation in connection with dancing. We were told, however, that in the strict tradition of Calvinism, dancing is forbidden, and even when students go to other campuses for sports meetings, they are prohibited from joining in the socials after the match. Moreover, they are accompanied by an S.R.C. member, who has to swear an oath when they return that nobody danced.

NUSAS

From the student handbook one also gleans a few interesting remarks about NUSAS. The facts concerning the constitution and policy of NUSAS are presented objectively and clearly, but what follows is not designed to present the students of Potchefstroom with an unbiased picture of NUSAS. "After NUSAS began to take on unmistakably unprincipled and liberalistic colour, the Afrikaans centres . . . broke away from NUSAS in August, 1933." The reasons given for this break are, amongst others:

1. "The strength of NUSAS lay in its desertion of its duty to give directions whereby a solution could be sought for South Africa's problems."

2. "The spirit and character revealed by the nature of its yearly Congress has a predominantly negrophilistic, imperialistic colour.

3. "In the rejection of the plan for reconciliation between NUSAS and the A.S.B. we see nothing other than a clash between imperialism and nationalism in the widest sense of the word.

4. "NUSAS has only a half-student as a result of its troubles: in no way does it build a full, harmonious personality, since it tries to go to work without religious observances and culture."

The strict Calvinism of Potchefstroom University may be laughable when viewed at the swimming bath level, but when one examines its influence in the academic sphere one is less inclined to laugh.

"ETHICS AND LOGIC"

The University Year Book presents the details of a compulsory course called "Ethics and Logic". Any student doing a two-year degree must complete at least one course in this subject, and a student doing a three-year degree must do at least two courses. A compulsory course on ethics and logic may sound like an extremely good foundation for a general education, but we must not be deceived by this title. The purpose of the course is as follows:—

"To provide insight into the life and world outlook of Calvinism based on the Bible, in contrast with atheistic attitudes in order to provide a grounding in the principles which lie at the heart of the spiritual and scientic practice of the P.U. for C.H.E."

Some aspects of the course in Ethics and Logic are worthy of particular attention.

1st Year: "The Calvinist view of life and the world in contrast with temporary views of life and the world."

2nd Year: The Christian Science within the framework of which the untenable position of the neutrality of science will be discussed.

3rd Year: Critical analysis of the temporary Western culture with reference to internationalism, the emancipation of man, secularisation and disruption—the crisis of Western culture."

RESTRICTIVE

From these details of the compulsory course "Ethics and Logic", a horrifying picture emerges of the restrictive environment in which the students of Potchefstroom live. It illustrates the narrow conformity of thought which is demanded and actively nurtured and which inhibits the free advance of any subject. Not only philosophical subjects are affected, but even the sciences. The Calvinist belief in the "untenable position of the neutrality of science" is, as we have already seen, impressed upon all students. This attitude towards science can only serve to restrict research and prevent progress and is something which must be of grave concern to those scientists at Pochefstroom who are devoted to the discovery of scientific truths. In fact, to any person who feels that man can only progress if his mind is free to consider all problems and all possible solutions, it is extremely worrying to see an institution of learning so chained by an uncompromisingly narrow doctrine.

In a university such as this, one would expect to find a deadly morass of unthinking conformity. Yet, in spite of the opposition to dissension and discussion, there are a few students who fight off its paralysing influence. There are, surprisingly, still a few who question the teachings of the university and who, even if not conspicuously, are shaking off the social and cultural slavery of Calvinism. These people have our sympathy and our admiration.

One of the Science buildings at Potchefstroom University.

**Hier is 'n weergawe van die smeerartikel oor die P.U. soos dit in Nux, amptelike studentekoerante van die Natalse Universiteit verskyn het. Enkele van die leuenagtige uitlatings is aangemerk.**

# WILLIE COETZEE STEL NUWE REKORD OP IN HEKKIESNOMMER

**Willie Coetzee, vierdejaar student in die Regte aan die P.U., was verantwoordelik vir die grootste verrassing in die atletiektoets wat op 16 April gelykop geëindig het tussen atlete van Suid-Afrika, Wes-Duitsland, Brittanje en België.**

Willie Coetzee het daarin geslaag om, in sy eerste vertoning as Springbok, die tienjaar oue S.A. rekord in die 120-treë hekkies met 0.3 sekondes te verbeter.

Met die mooi prestasie het Willie die eerste atleet in Afrika geword om die 120-tree hekkies in minder as 14 sekondes af te lê.



**Willie Coetzee, Potchefstroom se nuwe S.A.-atletiekkampioen.**

Kobus Swart het die afstand in die buiteland in 13.9 sek, afgelê.

**Die wêreldrekord vir die 120-tree hekkies word deur M. Lauer gehou. Sy tyd is 13.2 sek. Willie is nog 0.6 van die wêreldrekord maar dit is merkwaardig dat hy in die kort tydsbestek van twee weke sy tyd van 14.4 na 13.8 kon verbeter.**

## Wêrelrekord vir Willie?

Sien berig op bl. 8.

# *Departementshoof in Etiek en Logika lewer kommentaar*

**Elke sin en elke foto van die artikel ontmasker die skrywer as: 'n kwaadwillige mens wat skade wil doen; 'n leuenagtige mens wat feite vervals; 'n vyandige mens wat 'n aanval loods op die Afrikaanse Christelike gedagte; 'n liberalistiese mens wat onverdraagsaam sy liberale dogmas in 'n smeerartikel uitstal.**

**So skryf prof. dr. W. J. de Klerk, hoof van die Departement Etiek en Logika aan die P.U. in 'n persverklaring aan Die Wapad. Prof. de Klerk is genader vir kommentaar op 'n smeerartikel wat deur Engelse studente van die Universiteit van Natal geskryf is. In die artikel word 'n vyandige aanval gemaak op die dosering van Etiek en Logika aan die P.U.**

„Ek meen dat beswaar aangeteken moet word by die Natalse Universiteit en dat ons Studenteraad 'n skrywe aan die studentekoerant moet rig, vir publikasie", skryf prof. De Klerk.

Hier volg 'n uittreksel uit prof. De Klerk se kommentaar:

As ek moet daal tot die vlak van debat met dié korrespondent sal ek die volgende stel:

**GEBIND**

Sy artikel bewys die feit dat elke mens, elke instelling en elke universiteit gebind is aan 'n lewens- en wêreldbeskouing. Sy lewens- en wêreldbeskouing lê soos 'n warm asem op elke sin van die artikel.

Trouens hy is so aangetas van sy lewens- en wêreldbeskouing dat hy daarvan lighoofdig is — en dan meen hy, hy is neutraal.

Hy bewys die stelling van 'n geleerde: „At present the university is the main produce of atheism and nihilism, and is, at the same time their victim."

Want hy betwyfel die gesag van die Christelike belydenis.

Hy bepleit per implikasie die omverwerping van akademiese ordelikheid in klasbywoning.

Hy handhaaf die standpunt van die „neutrale" wetenskapsideë dat wetenskaplike vryheid en moontlikheid alleen bestaan in die verwerping van veronderstelling.

Die ironie is dat sy artikel bewys dat neutraliteit 'n leuen is, want sy standpunt is dié van die radikale liberalis en nihilis.

Waarskynlik is hy trots op sy eensydige, eng, geslote en onverdraagsame lewens- en wêreldbeskouing wat chaos orde noem, losbandighied vryheid noem en ateisme wetenskaplik noem.

Net so trots is ons op ons lewens- en wêreldbeskouing wat in sy veelsydigheid en ontspannenheid soek na die Christelike

Vervolg op bl. 3.

## Poste vakant op redaksie

**Verskeie redaksielede van Die Wapad het bedank weens hulle akademiese verpligtings. Die volgende poste is vakant op die redaksie: Nuusredakteur, nuusverslaggewer, kunsverslaggewer, en tikster (2). Aansoeke om die poste kan in die Wapad se bussie by die S.R.-kantoor geplaas word.**

## Teater kry nuwe silwerdoek

Etlike veranderings sal binnekort by Potchefstroom se enigste blanke bioskoop aangebring word.

Een van die vernaamste verbeterings sal 'n nuwe doek wees. Na van die bestuurders van die bioskoop, mej. A. MacDonald verneem is, sal die doek aan alle moderne standaarde voldoen.

Dit is nog nie bekend wanneer dit opgestel sal word nie, hoewel dit moontlik gereed sal wees vir die vertoning van The Agony and the Ecstacy van Charlton Heston en Rex Harrison teen die einde van die maand.

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING



DIE BULT-APTEEK
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*

# Agony and Ecstacy faal as biografiese rolprent

**Die rolprent „The Agony and the Ecstacy" word op die oomblik in die Grand Theatre vertoon. Charlton Heston, Rex Harrison en Diana Cilento vertolk die hoofrolle.**

Tipies Amerikaans, is die rolprent groot van opset. Die inleiding van die rolprent is van hoogstaande aard. Die verskillende beelde van Michelangelo word onder uiters goeie beligting vertoon sodat die stylontwikkeling van Michelangelo duidelik blyk.

NIE OPGEWASSE

Soos 'n ander kritikus reeds gesê het, is die inleiding "Ecstacy, die res van die rolprent 'n „Agony". Heston lewer sy beste spel ooit, maar nog is hy nie opgewasse vir die rol nie. Harrison behaal die meeste sukses met sy spel. Cilento speel haar rol koud en gevoelloos en is onoortuigend.

FAAL

As biografiese rolprent moes dit eintlik dokumentêr van aard gewees het. Die rolprent faal egter beide as dokumentêr en as avontuurrolprent Die swakste plek in die rolprent is die weergawe van Michelangelo se sg. inspirasie. Die rolprent handel eintlik oor 'n onderwerp wat onverfilmbaar is. — D.v.d.B.

## Xhosakantate is op Rhodes aangebied

**Die Xhosakantate, gekomponeer deur dr. Georg Gruber, is onlangs deur die Kamerkoor van die Universiteit Rhodes uitgevoer. Die kamerkoor het onlangs 'n baie geslaagde toer oorsee onderneem.**

**Die kantate bestaan uit musiekelemente van die Bantoebevolking van die Transkei.**

**Die werk het groot indruk in Engeland gemaak en kritici het in Duitsland, Oostenryk en dit as uitstaande bestempel.**

**Dit is vir die eerste maal op 29 Maart vanjaar te Rhodes opgevoer. Die koor het onder leiding van dr. Gruber self gestaan en die program het verskeie ander werke wat oorsee uitgevoer is, ingesluit.**



Cato Brink, wêreldberoemde liriese sopraan wat Saterdagaand aan die P.U. opgetree het. Sy is tans op besoek in haar vaderland Sy is voltyds aangestel as operasangeres aan 'n operahuis in Duitsland.

## *Pukkie-overture was oulik*

Die Pukie-overture op Vrydagaand 25 Maart, het hoë verwagtinge gewek vir verdere seisoenkonserte in die reeks wat deur die A.B.K.K. aangebied word.

Die pasgestigte P.U.-Volksangvereniging en Alabama-orkes het deelgeneem. Ewert Snyman het gesorg vir 'n aantal sangnommers teen 'n agtergrond van kleurbeelde, terwyl die dorpstudente vir die humoristiese sy gesorg het met 'n „hoorbeeld".

P. de K.

## Kunsskilder stal uit

Die Suid-Afrikaanse kunsskilder, George Enslin, hou vanmiddag vanaf 4.15 'n uitstalling van sy werke aan die huis van dr. J. Spoelstra, Malherbestraat 5, Potchefstroom.

Hy het onlangs van 'n oorsese reis teruggekeer en hou nou enkele uitstallings voor hy binnekort weer oorsee vertrek.



Die Potchefstroomse Volksteaterkoor wat onlangs Die SEISOENE aangebied het. Die Koorgroep bestaan uit studente, dosente en ander belangstellendes. Foto: Fotokuns.

# *SHAKESPEARE-TRAGEDIE VANJAAR OPGEVOER*

**Vir die eerste keer in die P.U. se geskiedenis bied die studente vanjaar self 'n tragedie van Shakespeare aan.**

Die Departement Engels bied vanjaar in die begin van Mei 'n opvoering van Macbeth aan. Die opvoering staan onder leiding van mej. Elliot, lektrise in Drama. Sy is oorspronklik van Engeland, en het in Pietermaritzburg gestudeer. Sy het heelwat ondervinding op die gebied van die toneel.

Die repetisies is reeds in volle swang.

Die opvoering sal in die Totiussaal plaasvind. Ten spyte van die swak verhoog, akoestiek en karige toneeltoerusting van die saal, beloof die opvoering van hoogstaande gehalte te wees.

**Daar gaan van die tradisionele opvoerings afgewyk word en 'n meer moderne, gestileerde weergawe word verwag. Die studente en publiek word almal hartlik na die geskiedkundige geleentheid op die kampus uitgenooi.**

Die Rektor van die P.U. het reeds sy vertroue in die onderneming getoon deur 'n som van R200 namens die Universiteit te skenk om onkostes te dek. Onoffisieël word ook met TRUK geskakel om hulp te bied. Persone verbonde aan die opvoering maak ook gebruik van klasse in grimering, wat by die departement aangebied word.

## Groot koorfees deur studente

Potchefstroom se belangrikste kultuurbydrae tot die Republiekfees is 'n groot koorfees. Die fees sal deur 'n massakoor bestaande uit lede van verskillende kore in Potchefstroom aangebied word.

Studente van die Universiteit en Onderwyskollege is reeds geruime tyd met repetisies besig. Mnr. H. Hofmeyr wat die P.U.-groep onder sy sorg het, sal deur Nesco du Toit en Berhard Künkel bygestaan word.

Die gekombineerde koor oefen reeds vanaf 18 April in die Hennie Roets-saal.

● Alle studente en lede van die publiek wat by die massakoor wil aansluit, is welkom. Navrae kan by tel. 6217 gedoen word. Die partituur van die koorwerke sal gratis verskaf word. Die repetisies vind elke Maandag en Woensdag om 7.30 nm. plaas.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies

## Wits voer twee operas op

Wits se musiekfakulteit voer van 27 tot 30 April twee kort operas in die Grootsaal op. Die operas is William Bell se enakter Hatsuyuki en Henry Purcell se gewilde Dido en Aeneas.

# THALIA GAAN IN JULIE MET TONEELSTUK TOER

**Thalia-toneelgeselskap gaan gedurende Julie vanjaar op toer na die Oos-Vrystaat, Transkei en Natal, het mnr. J. Breedt, voorsitter van die groep, in 'n onderhoud gesê.**

'n Luimige toneelstuk uit die Russies "Die Inspekteur-generaal" sal opgevoer word.

Daar word be-oog om 'n geselskap van 25 toerlede saam te neem. Die toer vind per bus plaas.

Die rollesings is reeds waargeneem sodat die nodige repetisies vroegtydig kan begin. Soos in die verlede sal die dekor hoofsaaklik irrealisties wees.

Thalia het verlede jaar daarin geslaag om tot die finale van die A.T.K.V.-toneelfees deur te dring. Vanjaar sal daar meegeding word met 'n stuk wat mnr. Teuns Botha, seniorlektor van die Departement Spraakleer en Drama self sal kies. Mnr. Botha sal die regie persoonlik waarneem.

# *PUKKE BIED VANJAAR TWEE DRAMAS AAN*

**Twee vollengte stukke word vanjaar deur die Departement Spraakleer en Drama van die P.U. aangebied. Albei werke is bekende dramas uit die wêreldliteratuur.**

Repetisies vir die eerste drama het reeds begin. Dit is Jean Anouilh se verwerking van die Griekse tragedie, Antigone.

Mnr. Theuns Botha, 'n senior lektor van die departement sal die regie waarneem.

**Hettie Combrink, 'n damestudent wat verlede jaar in voordragprogramme uitgeblink het, is gekies om die rol van Antigone te vertolk.**

Die aanbieding op die P.U. sal in die buitelug, met die suile van die hoofgebou as dekor, geskied.

Die ander stuk wat op die planke gebring word is **Our Town,** bekroonde werk van Thornton Wilder. Die stuk sal ook op ander dorpe opgevoer word.

GISELA MAIWALD

*Fotograaf en Fotografiese Dienste*

TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM

# Interuniversitêr

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Die ratte het reeds begin draai vir die grootste joolpoging in U.P. se geskiedenis. Die jool bereik op Saterdag, 7 Mei 'n hoogtepunt. Die beraamde opbrengs vir die poging is R50,000.

**RUHRSE UNIVERSITEIT:**

Aan die Ruhrse Universiteit te Bochem is twee gemengde koshuise opgerig waar mans- en dames-studente sowel as getroude paartjies gehuisves word.

Nog ses soortgelyke koshuise word glo beoog om te voldoen aan die stydgende aanvraag vir losies vir beide getroude en ongetroude studente.

**RHODES UNIVERSITEIT:**

Volgens 'n berig in die amptelike studentekoerant van die universiteit kom studente in steeds groter getalle jaarliks van Port Elizabeth af na Rhodes Universiteit. Volgens die blad het die grootste toename in 1965 plaasgevind toe die Universiteit van Port Elizabeth ge-open is.

**RHODES UNIVERSITEIT**

Studente van die universiteit is volgens 'n berig in die Daily Dispatch gewaarsku teen oormatige uitgelatenheid in publieke kroë en gelagkamers in Grahamstad. Bestuurders van verskeie hotelle het glo gekla by die Studenteraad oor die studente se gedrag. Die Studenteraad het 'n beroep op die betrokke studente gedoen om hulle vrolike vierings binne die perke van die wet te hou en hulle nie aan straatboewery skuldig te maak nie.

**PORT ELIZABETH:**

'n Dagblad het onlangs 'n opname aan die twee universiteite van Oos-Kaapland, Rhodes Universiteit en die Universiteit van Port Elizabeth, gemaak, om vas te stel hoe die regulasies van die twee universiteit met mekaar vergelyk. Onder andere het geblyk dat dames van U.P.E. nie in sitkamers en eetsale mag rook nie, terwyl damesstudente aan Rhodes toegelaat word om oral te rook.

Volgens die berig is daar geen ontgroening vir eerstejaars aan die Universiteit van Port Elizabeth nie. Eerstejaar damesstudente mag saans van Maandae tot Donderdae om 7.30 in die koshuise wees; op Vrydagaande om 9 nm. Saterdagaande tot om middernag en Sondagaande tot om 10 nm.

Die dames kan egter met spesiale toestemming op weeksaande uitgaan indien daar „iets spesiaals" aan die gang is, word berig.



**Die Departemente Volkekunde, Naturelle-administrasie en Bantoetale het die afgelope vakansie 'n baie geslaagde studietoer deur die Transkei en Ciskei onderneem. Die foto wat tydens die toer geneem is toon twee van die toerlede by een van die vierwielaangedrewe Landrovers waarmee die toergroep gereis het.**

Foto: J. Vyncke.

# Sterkeres dans na swakkeres se pype

„Die verhouding tussen volke vandag word dikwels gekenmerk deur vroom gemeenplase, skynheiligheid, ondermyning en 'n neiging by baie van die sterkeres om na die swakkeres se pype te dans. 'n Mens voel soms of jy in 'n sprokieswêreld leef waar die werklikheid geheel en al verontagsaam word."

So sê dr Hilgard Muller, minister van buitelandse sake. Dr. Muller het onlangs die hoofrede gelewer op die P.U. se jaarlikse gradeplegtigheid.

Dr. Muller het gesê dat die inmenging wat sedert 1946 op steeds groter skaal teen Suid-Afrika se hiushoudelike sake gedoen is, die fondament van die internasionale samelewing, die soewereiniteit van nasies, ondermyn. Hoewel hierdie uittarting nie oornag sal ophou nie, sal die verdere toepassing van S.A. se beleid tot groter realisme lei.

'n Beknopte skets waarin die internasionale ontwikkelinge i.v.m. Suidwes duidelik uiteengesit is, is deur dr. Muller gegee. Hy het gesê dat uit die groot getal sogenaamde deskundiges wat die V.V.O. steeds oor Suidwes ingelig het, nie een voor die Wêreldhof getuig het nie.

# Kommentaar op aanval

Vervolg van bl. 1.

ordening, wetenskaplike verdieping en eenheid van die wetenskap en waarheid.

**INSTITUTE**

**As hy dink ons standpunt „serve to restrict research and prevent progress" wil ons hom beskeie daaraan herinner dat hierdie Universiteit met sy navorsingsinstitute en menige internasionaal geeerde wetenskaplike op die terrein van die natuurwetenskap die grootste nagraadse studentetal in verhouding het van alle Suid-Afrikaanse Universiteite nl. 34 .**

Hy moet gaan gesels met die W.N.N.R. en met die Aptekersraad en met die Nasionale Buro vir Sosiale Navorsing op Potchefstroom se wetenskapnavorsing.

Hy moet ons labratoria en kenversneller kom afneem i.p.v. 'n simpel wenteltrappie.

Hy moet kom gesels met die Engelse en Jode en Katolieke en amper sê ek Mohammedane, wat by ons studeer om te verneem of hier 'n gebrek is aan vrye meningswisseling en openheid.

**TOTAALVISSIE**

**Hy moet Etiek en Logika kom volg sodat hy ook deel kan hê aan 'n totaalvisie op die lewe en ware universiteitsopleiding kan ontvang, ook d.m.v. Etiek en Logika want: „I maintain that the proper goal of the university must be the cultivation of the mind in order that the universally or philosophically trained man be formed" (van Riessen).**

'n Kursus wat, met eie beklemtoning vanuit ons standpunt op dieselfde lyn lê as die studium generale van Europese, Engelse en Amerikaanse Universiteite.

'n Kursus wat die oppervlakkigheid van wetenskaplike instelling bekamp, die versmalling van die Universiteit teëwerk, die verskraling van die kennis van grondliggende lewensbeskoulike kwessies wil uitskakel, die vernietigende gang van nihilisme, ateisme en liberalisme wil stuit.

'n Kursus wat die eenheid van die waarheid in Bybel en Wetenskap wil dien en die eenheid van die werklikheid tussen beginsel en praktyk wil bevorder.

● **Dis nog net Etiek en Logika wat hierdie korrespondent kan red van sy eng en verdraaide lewensbeeld.**

# Ouboet verkies

Op 'n onlangse koshuisvergadering van Dawie Dup Noord is mnr. Johan (Pops) Struwig as die nuwe ouboet verkies. Hy neem die plek van Tienie Hutcheons in wat die koshuis verlaat het.



**Elegant buig die nefie, Nico van der Merwe en die niggie vir mekaar tydens die volkspele saamtrek wat gedurende die vakansie op die Puk plaasgevind het.**

**Foto: Fotokuns.**

# TUKKIES EN POTE HET VOLKSPELE KOM LEER

**'n Geslaagde volkspelekursus is deur die P.U.-Volkspelelaer tydens die afgelope vakansie gereël. Die kursus is van 5 tot 11 April in die Totiussaal aangebied.**

Mev Ina Etsebeth van Kimberley het die volkspele gelei terwyl mev. Ansie Ferreira die sangleiding waargeneem het.

Die begeleidsters wat om die beurt die volkspele en volksang begelei, was mejj. Barenda du Plessis en Hermine Killian.

Die Universiteit van Pretoria en die Potchefstroomse Onderwyserskollege was tydens die kursus verteenwoordig.

# SATERDAG IS EKSAMENDAG

**Die Studentehandboekeksamen van die Studenteraad vind op Saterdag, 30 April plaas. Almal wat hierdie eksamen wil aflê om 'n kleurpunt te bekom, eerstejaars en seniors, kan hieraan deelneem. Die studentehandboek wat in 1964-65 versprei is, moet hiervoor bestudeer word.**

# Anton Roodt verower beurs vir studie V.S.A.

**Mnr. Anton Roodt, dosent in die Departement Engels aan die P.U., het 'n beurs ontvang om vir 'n jaar aan die Universiteit van Texas te studeer. Hy sal hom toespits op die jongste verwikkeling op die gebied van die Linguistiek. Mnr. Roodt vertrek in Augustus na Amerika.**

Applikante vir die beurs is aan 'n besonder streng keuring onderwerp. Die vereistes vir toekenning het hoofsaaklik op akademiese vermoë, algemene leierskap en persoonlikheid berus.

Een van die finaliste was 'n Suid-Afrikaner wat tans in Italië studeer. Hy het spesiaal per vliegtuig vir die keuring oorgekom.

Die beurs word aangebied deur die Rotariërbeweging. Dit word eenmaal elke twee jaar aan een student van Wits, Natal, Potchefstroom, of U.O.V.S. toegeken.

'n Belangrike voorwaarde by die toekenning van die beurs is dat die beurshouer nooit 'n lid van enige kommunistiese organisasie was nie en dat hy onderneem om ook nie in die toekoms met enige sodanige organisisie te assosieer nie.

Ongeveer vyftig beurse is vanjaar aan studente dwarsoor die wêreld vir studie in 'n aantal lande toegeken.

In ligte luim het mnr. Roodt daarop gewys dat sy verblyfplek slegs sowat sestig myl van „Johnson's Ranch" geleë is.

Die Internasionale Paspoort tot Rookgenot




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Amerika, Toronto, Londen, Amsterdam, Dublin, Berlyn, Sydney, Auckland en Salisbury.

* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:
G. Schoonhoven
Tomstraat 86a Telefoon 5136 Na-ure 6056
Huisarres:
Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk

Opberging
van fietse gedurende vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

GROSVENOR EN GOUGH MOTORS
GEMAGTIGDE —FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

die WAPAD

WOENSDAG 27 APRIL 1966

# NUX „BESOEK" P.U.

DIE ongevraagde, oneerlike en onregverdige smeerartikel van 'n engelstalige studentekoerant teen die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, waarna in hierdie uitgawe van Die Wapad verwys word, verdien geen kommentaar nie.

Tog kan hierdie laakbare artikel nie sommer eenkant gewerp word nie omdat dit veel dieper slaan. Op enkele uitsonderings na het die Engelstalige studentekoerante (asook hulle nuusdiens) die afgelope aantal jare slegs berigte oor Afrikaanse universiteite en onderwyskolleges gepubliseer indien die berigte die Afrikaanse student in 'n swak lig kan stel of kon dui op 'n moontlike skeuring in Afrikaanse studente geledere.

Nou het hierdie studentekoerant hom, met die plaas van die artikel, duidelik uitgewys as die kleinboetie van die engelstalige pers in Suid-Afrika wat vir die toekoms van die Afrikanernasie in 'n blank Suid-Afrika geen feil het nie.

Nou voeg hy op duidelike wyse sy stem by die wat skreeu dat: „God made a mess when he created the Afrikaner," en „Afrikaner nationalism (is) the traditional enemy of British South Africans."

Die koerant het sy kleur gewys. Dit gaan nie meer om betogings teen die sogenaamde onmenslike wette wat daarop gemik is om veiligheid en orde in die Republiek te bewaar nie maar dit is in die geval teen die Afrikaanse student gemik wat vas staan in sy Christelik-Nasionale oortuiging.

Hoe minder oor die persetiese sy van die artikel gesê word hoe beter. Die betrokke koerant behoort aan 'n engelstalige sutdentepersunie wat in sy handboek eerlikheid, objektiwiteit en kennis voorop stel. Dit is duidelik dat daar van die drie vereistes nie sprake is nie.

Die opskrif lui dat die redaksie besoek aan die P.U. afgelê het. Wie het hulle kom besoek. Nog die Studenteraad nog die redaksie van Die Wapad dra kennis hiervan. Dit skyn eerder of 'n jaarboek en 'n studentehandboek die metgeselle was. Foto's kan altyd gepos word, veral as hulle duidelik reeds lank gelede geneem is!

Die enigste ligpunt is die feit dat die koerant blykbaar nie die openbare mening op sy kampus vertolk nie en voortdurend beroepe op die studente moet doen om sy beleid te steun (soos blyk uit briewe aan die redaksie.)

Hierdie artikel het die verhouding tussen Engelstalige en Afrikaanse studentekoerante onnodig vertroebel en 'n gemeenskaplike basis vir samespreking in die agtergrond geskuif.

Ons hoop en vertrou dat die ander engelstalige studentekoerante die artikel in dieselfde lig sien as wat ons dit beJeen.

# BELANGSTELLING?

DIE Afrikaanse Studentepers-unie het die afgelope naweek aan die Universiteit van Pretoria gekonfereer. Soos in 'n berig elders vermeld word, is samesprekings tussen die verskillende Afrikaanse studentekoerantredaksies gevoer oor belangrike sake in verband met die studenteperswese. Tydens die konferensie het verskeie bekende koerantmanne opgetree.

Dit is veral opmerklik dat daar op een na geen Perswetenskapstudente op die konferensie teenwoordig was nie. Juis daardie mense wat in die besonder kon gebaat het by die insiggewende praatjie van 'n koerantman soos mnr. D.A.S. Herbst het in hulle afwesigheid geskitter.

'n Ewe onrusbarende verskynsel aan die P.U. is die geringe aantal studente met Perswetenskap as hoofvak, wat enige belange het by studentepublikasies. Laat ons geen geheim daarvan maak dat die Studenteraad al byna raadop is in 'n poging om tog maar iemand te kry wat Die Besembos wil behartig.

'n Mens kan nie anders as om die verskynsel in 'n baie ernstige lig te beskou nie. Wat is fout met hierdie mense wat moontlik 'n latere joernalistieke loopbaan in gedagte het? Hoekom ontbreek die belangstelling by die studente dan? Bied hulle eie studentekoerant nie aan hulle 'n ideale geleentheid om die nodige praktiese ondervinding reeds in hulle studiejare op te doen nie? Dit is tog die koerant wat die leerskool van die joernalistiek is.

Die vrae bly onbeantwoord Dit gaan eenvoudig 'n mens se verstand te bowe. Hulle het die gulde geleentheid om grootkoppe in die koerantwêreld persoonlik te ontmoet, deur hulle vingers laat glip.

## Studente skryf en praat . . .

**Wat die Tuks nodig het om die kroegsiekte en die misbruik van sterk drank te bekamp, is 'n eksklusiewe studentebiertuin naby die campus. Die bediening van drank deur die kafeteria by spesiale geleenthede is 'n bemoedigende stap in die regte rigting.**

**Hofartikel, Die Perdeby.**

# In U Lig

PSALM 83. VYANDE RONDOM!

'n Lied. 'n Psalm van Asaf.

2. o God, hou U nie stil nie, swyg nie en rus nie, o God!
3. Want kyk, u vyande maak rumoer, en u haters steek die hoof op.
4. Teen u volk smee hulle listig 'n plan en hou onder mekaar raad teen u verborgenis.
5. Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Isreal nie meer gedink word nie.
6. Want hulle het van harte saam raad gehou; teen U sluit hulle 'n verbond:
7. die tente van Edom en die Ismaeliete, Moab en die Hagareners,
8. Gebal en Ammon en Amalek, Filistea saam met die inwoners van Tirus.

# - Deur My Lens -

DIT doen 'n man se hart goed om te sien dat die beplanning van ons universiteit se bekende (?) uitbreidingskema in sy opset glad nie die estetiese sy uit die oog verloor nie. Dit blyk nou weer uit die hipermoderne gedenkvywer wat kort gelede onthul is en beplan is om die kampus met spuitstrale van water te versier Aangesien hierdie vywer ontwerp is om 'n man te herdenk wat sy eie ek heeltemal laat wegsyfer in sy verheerliking van God, wek die woorde wat by die opskrif aangebring is, by baie van ons in elk geval verbasing.

### INGRYPEND

Dit is egter nie net die universiteitsowerhede wat sulke ingrypende dinge doen nie. ook ons eie studente-owerheid huiwer nie om stappe te noen wat ou tradisies met eenslag laat inmekaar tuimel nie. So 'n daad is verrig toe besluit is om die werk van die administratiewe beampte aan 'n dame oor te dra. Sy het beslis wel meer te doen as om die enigste dameslid van die P.U. Studente-owerheid geselskap te hou. Dit blyk wel daaruit dat 'n studenteraadslid wat die pos gevul het toe dit 'n maand of wat vakant was met die nie-onaardige bedrag van R120 beloon is.

Ja, die Studenteraad gaan vanjaar beslis groot dinge doen. Ons wag in spanning op die aanstaande massavergadering wat al voor die deur staan. Ons hoop dat hierdie vergadering meer „opwinding" sal oplewer as sy voorganger vanjaar. Ons kan seker ook wel verwag dat die Studenteraad se entoesiasme sal aansteek by die studentemassa. Miskien is dit nodig om weer die oeroue probleem van ontgroening-inlywing-inskakeling te gebruik as 'n katalisator. Of het die Studenteraad reeds tot 'n oplossing gekom oor die byna onoplosbare probleem?

Daar sal in elk geval al reeds 'n goeie bevredigingsmiddel vir die massa wees as die reëlings vir die Republiekfees, wat deur die S/R. se skakelkomitee behartig word op die vergadering ter insae kom.

Ek hoop dat hierdie reëlings doeltreffender sal wees as die vir die tweedejaarspiekniek wat so tragies deur die mat geval het. Dit is glo die eerste keer in verskeie jare dat die tweedejaars hierdie hierdie ou tradisie verbreek. Blykbaar is die belangstelling in hierdie aktiwiteite ook nie meer wat dit was nie

Die saak bring my by 'n probleem wat miskien nie so aktueel is nie, maar tog steeds die belangstelling van elke ware Puk geniet. Ons is dit almal daaroor eens dat sosiale aktiwiteite 'n belangrike deel van die studentelewe uitmaak Dat daar heeltemal genoeg van die aard gebeur om die studente goed besig te hou, blyk nie net uit die mislukte piekniek nie, maar ook uit die feit dat die S.R. moes besluit om nie die S.R.-bus meer vir braaivleise en onder sosiale aande beskikbaar te stel nie.

### SLEEPGERIEWE

Ten spyte van hierdie blyke van oormaat aan aktiwiteite is dit duidelik dat daar nog heelwat leemtes op sosiale gebied bestaan. Die gebrek aan sleepgeriewe het meermale gedien as voorwerp van bespreking op heelwat massavergaderings in die verlede. Die gebrek het egter meer nodig as 'n bespreking, om opgelos te word. Of die S.R. alles gedoen het waartoe hy in staat is, sal ek nie kan sê nie, maar die universiteitsowerhede moet blykbaar nie van hierdie nypende gebrek bewus wees nie. Word dit nie tyd dat die studentemassa meer pertinent optree nie? Daar is tog seker wel maniere om die owerheid se aandag te trek, sonder om deur die doolhof van kanale te moet gaan.


### DOOIERIG

Nie net kyk die studentemassa met lede oë toe hoe vreugdedag en inskakelingsaksies uit die studentelewe verdwyn nie, maar geen moontlikheid vir 'n bietjie spontane pret op groot skaal deur so 'n aksie word nie eers oorweeg nie. Dit is geen wonder dat buitestaanders die P.U. as 'n dooierige universiteit beskryf nie. Stel ons studente dan net belang in die akademie en in sport? Moet ons studentegees uitsluitend bestaan uit 'n aantal intertees en interslepe en ontmoetinge met die president van Tarentaal?

Dit is nog 'n wydverspreide opvatting by ons dat die studenteaksies op sosiale terrein deur streng wette van owerheidskant 'n yeweldadige dood gesterf het. Dan word egter uit die oog verloor dat die meeste van ons aksies weens gebrek aan oorspronklikheid jaar in en jaar uit op die ou trant voortgegaan het. Hierdie starheid het die geleentheid gegee aan allei ongewenste praktyke wat die norme wat ons moet handhaaf ongemerk kon oorskry. Die studentemassa het nie eers die oorspronklikheid gehad om die skadelikheid hiervan te besef nie, maar passief toegesien hoe die owerheid hierdie sake vir hom opknap. Ons leef voorwaar in die era van die dekadensie van die Pukstudent.

**REFLECTOR**

## WEER TERUG




# Wêreld het gespesialiseerde Christene nodig

**„Die Christen moet die gebruik laat vaar om negatief en verdedigend op te tree. In stede daarvan moet die oplossing aan die ongelowige gebied word," het prof. W. J. de Klerk, president van die Jongeliedevereniging, gedurende die vakansie op Potchefstroom gesê.**

„Die tyd het aangebreek dat ons gespesialiseerde Christene in 'n moderne wêreld moet word wat die gevare van die tyd sal kan teenstaan en verower," het prof. De Klerk gesê.

In die teenswoordige tyd is daar veral vier groot magte wat daarop gemik is om die Christendom ongedaan te maak.

Die tegniek lei die mens tot materialisme en sedelike verval. Eietrots en inisiatief gaan verlore en die werker word 'n gewone outomaat. Onder die invloed van die tegniek vind 'n verslapping van norme plaas sodat die mens weg van die godsdiens af beweeg.

Die pessimistiese gees van die moderne mens moet aan die eksistensialisme gewyt word wat leer dat alles in die lewe eintlik sonder doel is.

Deur die gees word die geweldige internasionalisering van alle dinge aangewakker. Die groot geestesstrome, liberalisme, kommunisme en anti-Afrikaanse nasionalisme, laat die gevoel bestaan dat alles tog nutteloos is.

In die vierde plek wil die sekularisasie alle bande met God verbreek.

Die Christen het nie nodig om te buig voor die aanslag van die tyd nie, maar kan volgens die beginsels van geloof in alle omstandighede voluit lewe, het prof. De Klerk gesê.

Ongeveer 300 jongmense het uit alle dele van Transvaal die jaarlikse kongres van die Bond bygewoon.



**Mnr. Danie Joubert wat onlangs met die navorsingskip R.S.A. na Suid-Afrika teruggekeer het na afloop van 'n wetenskaplike ekspedisie se besoek aan Bouveteiland. Mnr. Joubert is verbonde aan die Departement Fisika van die P.U**
**Op die onherbergsame eiland het die wetenskaplikes baanbrekerswerk gedoen en ook 'n geskikte posisie gevind waar 'n weerstasie opgerig kan word.**

**Foto: Fotokuns**

## Koshuisgangers sê losies op

„Ons het besluit om liewer privaat losies te soek omdat ons voel dat toestande in die kosuhis nie geskik is vir studiedoeleindes nie," het enkele oud-inwoners van Heimat-uitbreiding beter bekend as Huis Haak en Steek, in 'n onderhoud gesê.

Gevra waarom toestande nie geskik is nie, het die groepie gesê dit daar in die betrokke koshuis tot vyf studente in een vertrek woon. Dit sou hulle studies nadelig beinvloed het.

„Toe ons hier aangekom het vanjaar is aan ons gesê dat dit net 'n voorlopige reëling is en dat toestande binne 'n paar weke sou verbeter. Na verloop van meer as 'n maand het ons tot die besluit gekom," het die studente gesê.

Die koshuisgees van Huis Haak en Steek is uitstekend het hulle gesê.

# Student se belangstelling in die politiek is getoets

**Stel die gemiddelde student aan die P.U. belang in die politiek? Die vraag is aan verskeie studente van die Universiteit gevra in 'n meningsopname deur 'n verslaggewer. Die opname volg na 'n onlangse uitspraak van mnr. J. J. van Rooy, mede-redakteur van die Transvaler, dat studente en studentekoerante hulle meer aktief in die politiek moet begeef.**

**Die persone wat genader is het van mekaar verskil oor die belangstelling van die Pukstudent in binnelandse- en buitelandse politiek.**

Die meeste studente het gesê dat daar vir die studentepolitiek min belangstelling is. Hulle meen dat kennis daarvoor gewoonlik ontbreek.

Die oorgrote meerderheid van die studente waarmee onderhoude gevoer is, was ten gunste daarvan dat die studentekoerante 'n leidende rol in die politiek moet inneem.

Daar is nie genoeg belangstelling in politieke sake by die Pukstudent nie, het mnr. George Simpson, 'n vierdejaar regstudent in 'n onderhoud gesê. Omdat daar in die binnelandse politiek geen ingrypende veranderinge was nie, het die belangstelling gekwyn. In die studentepolitiek word dikwels net aan persoonlike voordeel gedink, het hy gesê. Die Afrikaanse studentekoerante behoort 'n sterker standpunt in te neem.

**OM TEEKAN**

**„In die koshuis waar ek tuis is, word sowel binnelandse as buitelandse politiek gereëld om die teekan bespreek," het mnr. Piet Mulder gesê. Hy is 'n derdejaar B.Sc.-student. Die belangstelling is daar, het hy gesê. Sake rakende Nusas en die A.S.-B. kry egter nie genoeg belangstelling nie. Daar is veral min kennis in verband met Nusas se doelstellinge.**

**VERMAAK**

Die studentekoerant moet nie 'n standpunt inneem in die partypolitiek nie, meen mnr. Dick Steyn, student in die Teologie. Die gemiddelde student se belangstelling in die politiek is dikwels beperk tot die vermaak wat hy daaruit kry.

Mnr. Sarel Venter, 'n tweedejaar B.Sc.-student aan die P.U. sê dat die Pukstudent se belangstelling in die politiek oppervlakkig is. Die studentekoerant moet aktief in die politiek wees. Die standpunt wat die koerant inneem moet 'n duidelike spieëlbeeld wees van die universiteit se karakter.

Mnr. Dok Briers, nagraadse student in Sosiologie het hom by mnr. Venter aangesluit. Hy is gekant teen 'n definitiewe standpunt in 'n studentekoerant wat die landspolitiek betref.

Verskeie studente wat genader is het gesê dat die plaas van insiggewende artikels van 'n politieke aard, meer kleur aan die studentekoerante kan gee.

# Huishoudkunde se kursus geslaagd

Die Wes-Transvaalse Huishoudkundestudiekring het 'n uiters geslaagde studieweek vanaf 12—15 April by die P.U. vir C.H.O. aangebied. Dit was die vierde van sy soort.

Die doel van die studieweek was om deur middel van studie tred te hou met nuwe ontwikkelinge op die verskillende gebiede van Huishoudkunde en om nouer samewerking tussen Huishouden Dieetkundiges te verkry asook om gedagtewisseling te stimuleer.

Daar is lesings in feitlik al die belangrikste vertakkings van Huishoudkunde aangebied. Na elke lesing is groepbesprekings gehou.

'n Uitstalling van borduurwerk is gelyktydig aangebied.



**Die uitstalling van borduurwerk in die kunslokaal van die Frans du Toitgebou gedurende die Huishoudkundestudieweek aan die P.U. het groot belangstelling gewek.**

**Op die foto is (v.l.n.r.) mev. A. Combrink, mej. C. Beytel en mev. E. du Plooy besig om 'n tafeldoek, ('n voorbeeld van Duitse kantwerk,) te besigtig. Die tafeldoek is gemaak deur mev. Retief van Parys wat 8 jaar daaraan gewerk het.**

*Foto: Fotokuns*

# Dierkundiges koop hul eie mobiele eenheid

**'n Karavaan met al die fasiliteite van 'n volwaardige laboratorium is onlangs deur die Instituut vir Dierkundige Navorsing van die P.U. aangekoop.**

Grondnavorsing word tans deur die navorsers gedoen. Die beweeglike laboratorium kan 'n hele navorsingspan huisves. Hidrobioloë en ander navorsingsspanne kan die eenheid ook gebruik, het 'n woordvoerder van die instituut gesê.

**Die voordeel van die laboratorium is dat dit vir lang tye en op verskillende plekke gebruik kan word.**

Die navorsingspan was onlangs vir twee weke in St. Luciabaai waar grondontleding gedoen is. Tans is die laboratorium in Noord-Transvaal.

Die eenheid is 'n groot aanwins vir die navorsers, het mnr. J. L. Aucamp, verbonde aan die Departement Dierkunde, in 'n onderhoud gesê. Dit is 'n bewegende deeltjie van die Universiteit self.



**Die mobiele laboratorium van die Instituut vir Dierkundige Navorsing waarmee tans navorsing in verskeie dele van die land onderneem word.**

**Foto: Mac v. d. Merwe.**

**SANLA**
*vir Beskerming*

**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koeldrankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

**Tomstraat 86 Tel. 5474**




DIE gedagte aan prof. Bossie se koue sleepbankies vir die komende winter is sekerlik voldoende om 'n mens die ritteltits te gee. Aan die ander kant bring die winter vir ons sommer vroeg-vr eg saans 'n genadige duisternis . . .

Nuusberig . . . Klawerhof . . . Kys gebreek, mooi Ansie weer in sirkulasie.

Kulu . . . Laat nuus . . . Alle dames van die koshuis het besluit dat sleep 'n „vermydelike" euwel is na intensiewe navorsing deur 'n sleepkomitee van die huiskom. is is daar besluit dat voortaan nie meer gesleep sal word nie. Op aanbeveling van die komitee is daar vir die komende winter besluit op 'n nuwe program. (Sleep is primitief en hoort net by mans tuis wat nie maniere het nie.) Die dames van Kulu sal voortaan nie „sleep" nie maar „verwarm". Met die ysige winterwindjie wat deur wol en fluweel sny in die gedagte sal die verwarming glo van groter praktiese waarde wees.

„Petro, wie verwarm jy vanaand.

„Ag ou kammie, ek kon toe mos nie 'n verwarmer vir die interkoshuiskonsert kry nie."

SNOESIG

Met twee maal 98.4 grade sommer baie warm, is hierdie dames glo gereed vir 'n snoesige winter waar harte heerlik warm kan klop.

Uit Oosterhof kon Loeloeraai niks wys word nie. Met die inwerkingtree van 'n nuwe maatreël sal alle sleepvergaderings voortaan agter geslote deure (skerms) plaasvind. Die ou kort vakansietjie het ook gelol. Was net te kort om stokoue kyse te breek. En net lank genoeg om 'n behoorlik sleg te maak . . . daarom kan 'n mens verwag dat die volgende paar weke sommer baie veranderinge in die Departement Sleep en Squeezika aangebring sal word.

Daar word bewer dat die huidige departemenshoof, prof. Skattebolski na die verkryging van sy doktorsgraad tydens die onlangse gradeplegtigheid, stagnant geword en nie meer belang stel in die navorsing nie. Volgens hom is alle moontlike metodes in die Sleepkunde reeds nagevors en is die vakgebied totaal en al uitgeput een nuwe mteodes is in die afgelope jare aangemeld nie.

VERLORE

Dawie Dup kyk deesdae met besondere belangstelling na die oprigting van die nuwe dameskoshuis, sommer hier vlak by hulle fort. Die manne praat glo al in die rigting van verkyker koop. 'n Groepie ingenieurs is reeds besig om 'n gleufmasjien te ontwerp. Hulle is almal verlore.

**Wie is dan verlief? Sekerlik die komplekseerders . . . op hulself Loeloeraai wil sommer net raai. Ai, die klomp mansmense is darem vol van hulle ou koshuisgees. En laat een van hulle nou net waag om aan my te skryf. Ek sal sy brief persoonlik in hierdie kolom uit mekaar trek.**

Yeah, Yeah, Thaba Yeah. Loeloeraai wil tog niks van die pragkoshuis seah. Hier sleep elke dame net een man op 'n aand en betaal die dames alle sleeponkostes. Voorwaar 'n groep dames wat aftrek gaan kry hier kort voor die einde van elke maand.

Met kussings op my ore groet ek alle studente van hierdie departement tot later. (Kus is gelyk aan soen.)

N.S. Kan koshuisverteenwoordigers tog nie laat weet wie met wie sleep nie? Of sleep hulle te veel?

LOELOERAAI



**Die twee Gimnasiumkwekelinge op die foto is nie 'n siamese tweeling nie, maar bied aan menige mansstudent tere herinnerings aan hul militêre opleiding. Gedagtes vloei terug na die dae toe hulle nog kommervry gelewe het, en alle uitreikings te groot of te klein was.**

## Kursus in slaap word aangebied

Die Stadsraad van Hounslow in Engeland is so aangegryp deur die klagte van slaaploosheid by sy inwoners dat hy besluit het om 'n kursus in slaap aan te bied. In die kursus van twee weke sal slaaploses lesings oor slaap bywoon en die beginsels daarvan probeer toepas in klankdigte slaapsale.

## Beweerde moord vir medisyne

Heksery lei in sekere dele van Liberië tot soveel spanning en onrus dat krygswet moontlik afgekondig moet word om dit te beeindig, het 'n polisiewoordvoerder onlangs gesê. Volgens hom is sewe mense reeds in hegtenis geneem vir die beweerde moord op dorpsbewoners vir medisyne.

# Nie-rokers is aangenamer mense meen sielkundige

**'n Sielkundige wat die persoonlikhede van bykans 14,000 sigaretrokers en nie-rokers bestudeer het, sê dat nie-rokers aangenamer mense is.**

Rokers is ekstroverte en meer sosiaal, hulle is minder gemoedelik van geaardheid en kan minder vertrou word.

Tot die bevinding het dr. G. M. Smith van die mediese skool in Harvard gekom deur van vraelyste gebruik te maak.

VERPLEEGKUNDE

Die vraelys is voltooi deur 728 studente in die verpleegkunde, 374 kollegestudente en 284 hoërskoolleerlinge, wat dr. Smith voorgelê het aan 'n simposium oor die effek van nikotien en rook op die sentrale senuweestelsel.

Uit die vraelys het geblyk dat rokers 'n hoë telling behaal wat seksbelangstelling betref. Hulle was oor die algemeen deur die vraelys aangedui as ekstroverte.

Nie-rokers daarenteen was teer, bedagsaam, gehoorsaam skaam en verantwoordelik. Dit het ook geblyk dat nie-rokers minder aandagsoekend van aard is.

Die studie is net van toepassing op studente in die verpleegkunde, kollegestudente en hoërskoolleerlinge. Dit sou onregverdig wees om enige gevolgtrekkings buite die groepe te maak, het dr. Smith gesê.

## RUSTIG



**Piet Fotokuns ontspan soms langs die viswaters van die vaalrivier. Die pragtige toneeltjie hierbo het hom geïnspireer om dit vas te lê, soos net hy dit kan doen. Piet kon nie sê waarom dit nou juis drie eendjies moes wees, en nie twee nie. Dis modern, was sy uitspraak.**

**Foto: Fotokuns.**

# Demokrasie kan nie slaag sonder eenheid, sê professor

**'n Demonkratiese staatsvorm het in Nigerië misluk omdat die basiese vereistes, 'n fundatele eenheid en 'n ingeligte kieserskorps ontbreek, het prof. J. H. Coetzee van die Potchefstroomse Universiteit onlangs op 'n vergadering van die Rapportryerskorps van Parys gesê.**

Prof. Coetzee is hoogleraar in volkekunde en naturelleadministrasie aan die Universiteit.

'n Militêre staatsgreep is onlangs in Nigerië uitgevoer en die regering van sir Abubakar Balewa omvergewerp. Balewa is deur 'n groot deel van die Weste as 'n „ware demokraat" beskou en sy swart regering as 'n voorbeeld van die wyse waarop die demokrasie in Afrika werk.

Die godsdiensverskille tussen die noordelike en suidelike dele van die land en die skerp verskille tussen etniese groepe het grootliks tot die mislukking en die staatsgreep gelei, het prof. Coetzee gesê.

**„Indentiteitsbewuste groepe kan nie saamgegooi word in die hoop dat hulle in broederliefde sal saam woon nie. Daar is twee alternatiewe, of die blankes of die swartes sal heers."**

OPVALLEND

Dit is opvallend dit daar feitlik geen blankes in die staat tydens die staatsgreep was nie, terwyl die groep as die rusverstoorders in Afrika beskou word.

Prof. Coetzee het gesê dat die verskillende vorme van regering wat vir Rhodesië beoog word. nie kan slaag nie. „Mutli-racial" en „majority rule" en al die sogenaamde verligte vorms het nog nooit in die praktyk gewerk nie.

## Ingelegde water

„Ingelegde" water is in die droogtegeteisterde dorpie Gladstone in Queensland te koop.

Die water word in Brisbane in 1½ pintblikkies verpak en 370 myl na Gladstone verskeep.

## Oosterhof kry lapelwapen

Die dames van Oosterhof sal in die toekoms maklik op die kampus uitgeken kan word aan die lapelwapentjie wat hulle gaan dra.

Oosterhof se koshuiswapen met die kop van 'n Oosterse dametjie 'n waaier en die weerhaantjie, die koshuisembleem, daarop, sal die eerste koshuislapelwapen op die Puk se kampus wees, en hopelik minder geskaak word as die weerhaantjie en die vaandel. — M.J.P.



**Uit hierdie sloot sal die nuwe dameskoshuis van die P.U. tot stand kom. Die koshuis sal sewe verdiepings hoog wees. Die koshuis sal 252 dames kan huisves en sal op dieselfde terrein opgerig word waar de twee manskoshuise Dawie du Plessishuis en Johannes van Rooyhuis staan. Na raming sal die nuwe koshuis in die buurt van R500,000 kos.**

**Die bou van die koshuis bring mee dat 'n heeltemal nuwe terrein vir die manskoshuise gevind sal moet word. Na verneem word sal dit meer moderne geriewe as die huidige bevat.**

**Foto: Macv.d. Merwe**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Het kom rugby leer



Mnr. N. C. Els, onderwyser van Fochville, en mnr. N. F. van Dyk, vise-prinsipaal van 'n Potchefstroomse skool, verskyn hier saam met dr. Danie Craven tydens die rugbykursus vandeesweek in Potchefstroom.

# TE VEEL OEFENFOUTE IN RUGBY, SÊ CRAVEN

**Die toetswedstryde in Australië en Nieu-Seeland is verlede jaar op die oefenvelde in Suid-Afrika verloor, het dr. Danie Craven, voorsitter van die S.A Rugbyraad, onlangs gesê. Dr. Craven het as hoofspreker opgetree op die rugbyafrigterkursus wat by die P.U. onder leiding van die Direkteur van die P.U. se Sportinstituut, mnr. Piet Malan, aangebied is.**

**Daar is nogtans geen noodsaak tot pessimisme nie en allermins rede om die spelers te verwyt.**

„'n Reeks oefenfoute word aanhoudend in Suid-Afrika begaan", het dr. Craven gesê. „Die eerste hiervan is dat byna alle klubs hulle eerste teen hulle tweede span, hul derdes teen die vierdes ens. laat oefen. Elke speler ken naderhand die spel van sy gereelde teenstander en so word 'n goeie speler in 'n wedstryd deur 'n swakker teenstander, wie se spel vir hom onbekend is, onder stof geloop.

**Klubs behoort hulle spelers voortdurend in ander posisies te laat speel. Sodoende kan 'n speler, wanneer hy na sy eie plek terugkeer, beter spel as gewoonlik lewer.**

Dr. Craven het gesê dat almal met fiksheid behep is wat te algemeen met „genoeg wind" verwar word. Meer brute krag is nodig by ons moderne spelers. Jare gelede toe die land se beste spelers van die platteland af gekom het, is hierdie brute krag verkry deur jong diere te tem en ploegstert vas te hou. As 'n Suid-Afrikaanse rugbyspeler vandag soos die All Blacks met die kop omlaag en die elmboog vooruitgestoot hulle teenstanders letterlik uit die stof wil loop, is daar te veel kop en nekbeserings, het dr. Craven gesê.

In hulle oefenprogram hardloop baie spelers aanhoudend dieselfde pas, sonder om die nodige vaardigheid aan te leer. In die hardloop moet die dribbel, die aftrap en die swenk ook aangeleer word.

In vaste skrums word ook nie meer hard genoeg gestoot nie, het dr. Craven gesê. Waar is die dae toe Flip Nel teen 'n muur geoefen het en Ferdie Bergh oral waar hy 'n boom teëgekom het. Daardie manne het sterk skouers gehad, deur hierdie manier van oefen.

**LYNSTANE**

In die lynstane word ook nie genoeg en onder alle omstandighede gespring nie. Teen klap in die lynstaan het dr. Craven hom sterk uitgespreek.

Soos die All Blacks moet ons in 'n losskrum ingaan, het dr. Craven gesê. Nie regop nie maar kop omlaag met die oë op die bal. Spelers wat op die grond bly lê en getrap word moet nie te hard kla nie. Elke speler sorg dat hy so gou moontlik weer op sy voete kom.

Wanneer op die oefenveld gehanteer word moet dit op volle vaart geskied. Die bal moet ook nie in die hande van die span of oefenmaat besorg word nie, maar sommer oral — dan hard, dan sag, dan op die voete, dan agter verby. Die spelers moet oefen om balle raak te vat wat swak aangegee word.

**FRATSRUGBY**

Dr. Craven het gewaarsku teen taktiese planne en bewegings. „Ek hou nie van fratsrugby nie. In die meeste wedstryde is drie tot ses taktiese bewegings oorgenoeg", het hy gesê.

Ten slotte het dr. Craven gewys op die onontbeerlikheid van behoorlike dissipline. „Spelers wat nie gereeld oefen nie behoort hulle plekke te verloor, al is hulle ook hoe goed" het hy gesê.



JOHAN VAN WYK
Foto: Fotokuns

## Sokkerspan gaan ligabeker wen, sê kaptein

„As die P.U. se Sokkerspan op die wyse voortgaan, is die kanse goed dat hulle die Wes-Transvaalse ligabeker kan inpalm", het mnr. Johan van Wyk, klubkaptein van die Sokkerklub, in 'n onderhoud gesê.

Die P.U elftal het onlangs daarin geslaag om die sterk span van Weermag oortuigend te klop. Die telling was 5-1.

**Doele is behaal deur Thys Pretorius, Fanie Meyer en al die voorspelers wat gesamentlik verantwoordelik was vir een doel.**

Chris Coetzer en Johan Moens het puik spel gelewer. Hulle het ongetwyfeld daarin geslaag om die oë van Wes-Transvaalse keurders wat teenwoordig was, op hulle te vestig.

**AJAX**
**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**

## STRATHVAAL KLOP PUKKE

**Strathvaal het Saterdag met spogrugby daarin geslaag om die Pukke met 27-9 te klop.**

**Die Pukke het in die eerste helfte goed gehou. Met 'n rustydtelling van 6-5 in die Pukke se guns was daar nog geen kant te kies nie.**

**In die tweede helfte het Strathvaal munt geslaan uit al die foute van die studente. Die Pukke moes toe lelik bontstaan.**

**Die P.U. se punte is aangeteken deur De Bruin en Hoogenboezem.**

**Die tweedespan het 'n naelskraap oorwinning van 11-9 oor die manne van Strathvaal behaal. Die wedstryd is eers in die laaste paar minute beslis.**

**Met 'n telling van 23-3 het die span van Dawie du Plessishuis die derdespan van Strathvaal maklik onder stof geloop. Die span is nog steeds onoorwonne.**

## Onderwyskollege op Dalrymple verteenwoordig

„Die tyd het beslis aangebreek dat die atletiekfederasie van die Suid-Afrikaanse Universiteite ernstig daaraan dink om die atlete van die Republiek se talle Onderwyskolleges ook uit te nooi om aan hulle byeenkomste deel te neem", skryf Gert le Roux, sportskrywer van „Dagbreek en Sondagnuus" in die uitgawe van 10 April 1966.

Aan goeie vertonings het dit by die afgelope Dalrymple nie ontbreek nie, maar dit kon soveel beter gewees het as alle ander studente ook geleentheid gekry het om hul slag te toon.

Atlete soos Ronelle Boshoff, Wilna Fraser en Chris De Nysschen onderskeidelik van Onderwyskolleges, kon die byeenkoms soveel interessanter maak. Atletiek in geheel Suid-Afrika kan sodoende verbeter, sê Gert le Roux

## Direkteur gaan Springbokke keur

Mnr. Piet Malan, Direkteur van die Sportinstituut aan die P.U. is onlangs verkies tot lid van die Sentrale Rugbyraad. Saam met mnr. Johan Claassen het Wes-Transvaal nou twee verteenwoordigers op die belangrike rugbyliggaam.

# *Aan die Sportfront*

*deur SPREILIG*

VOLGENS 'n berig wat op die sportbladsy verskyn het dr. Danie Craven tydens die afrigterskursus by die P.U., 'n belangrike verklaring gemaak waarom die toetswedstryde in Australië en Nieu-Seeland verlede jaar verloor is.

Hy beweer dat hierdie veelbesproke wedstryde reeds op die oefenvelde in Suid-Afrika verloor is. Daarmee stem ek heelhartig saam.

Dan sê hy dat die fiksheid waarmee almal behep is, algemeen verwar word met „genoeg wind". „Meer brute krag is nodig by ons moderne spelers," aldus dr. Craven.

Dat brute krag 'n noodsaaklike vereiste is vir rugby teen Australië en Nieu-Seeland betwyfel ek nie. Die vraag wat egter van aktuele belang is, is of die Springboktoerspan van 1965 wel „genoegsame wind" gehad het.

Is ons rugbyspelers oor die algemeen „hardloopfiks" voordat hulle „vaardigfiks" word? Hoeveel rugbyspelers gaan in staat wees om 'n halfmyl in minder as 2 min. 10 sek. af te lê? Of 'n myl in minder as 5 min 5sek? Is hierdie algemene fiksheid nie die basis waarop ons krag, vaardigheid en spoed moet bou nie?

Dan wonder ek ook hoeveel voor die rugbyseisoen, begin met 'n intensiewe oefenprogram om die basiese fiksheid te bekom? Dit is verblydend om te sien dat daar darem verskeie rugbyspelers van die P. U. is wat hulle voor die rugbyseisoen besig gehou met atletiek terwille van die rugby. Dat hierdie spelers reeds in die vroeë wedstryde sukses behaal, wek geen verbasing nie.

Ten grondslag van die hoogste prestasie in elke sportsoort lê harde werk. Baie ure van opoffering en sweet-laat op die oefenvelde word uiteindelik, na volharding bekroon met sukses.

Laat ons sportmanne dan nooit moedeloos word nie — hoe swaar die stryd ookal word. En wanneer jy nie die hoogste louere kan inoes nie, is die heerlike selfbelonimg nog altyd daar wat 'n eerlike poging aan die hand werk.

So lees dit in 'n vertaling van 'n bekende Sportbelofte:

„. . . nie die oorwinning nie, maar volharding, nie die vrug nie, maar die strewe, nie die loon nie, maar die gesindheid."

Die vormende waarde van sport kan vir hom wat verloor dikwels meer beteken as vir hom wat wen, want menige wenner beleef in sy oorwinning soms sy grootste nederlaag, en menige verloorder verlaat dikwels die strydperk as triomfater oor homself en sy teenstander; geestelik geskool en gesterk.

As die Groot Teller eendag teenoor jou naam kom skryf, skryf Hy nie dat jy gewen of verloor het nie, maar hoe jou **gesindheid** in die stryd was."

**Mans- en Sportuitrusters**

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

**VEKA**

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp

**INSLEEP**

*Waarheen almal sleep*

(Nou ook 'n nuwe sleephoekie bygekry)

**Koshuisbestellings Tel. 6039**



*Nuwe hoekie*

# Wat is Willie se kanse vir wêreldrekord?

**Baie atletiekkenners in Wes-Transvaal en Suid-Afrika bespiegel tans oor die moontlikheid of die jong Potchefstroomse hekkiesatleet Willie Coetzee, vir Suid-Afrika se tweede wêreldrekord in die hekkiesnommer kan sorg.**

**Hoewel sy vurigste ondersteuners graag wil glo dat hy die gesogte prestasie binnekort sal behaal, sal dit uiters moeilik gaan.**

Gedurende die laaste paar maande het hy 'n gemiddele tyd van ongeveer 14.4 sek. oor die 120-tree hekkies opgestel. Tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe het hy 14.2 aangeteken en verlede week 13.8 op Potchefstroom.

Dit op sigself is 'n uitstekende prestasie maar die 13.2 sek. van Martin Lauer van Wes-Duitsland is nog 'n groot hap om af te byt.

In sekere opsigte het Coetzee alle moontlikhede om die rekord te slaan. Hy is lank gebou met 'n pragtige styl en beskik oor die regte benadering van sy sport.

Vir die vermindering van sy tyd het hy egter nog baie meer krag nodig en sal hy ook aan strawwer kompetisie moet deelneem. Dit is juis hier waar die probleem lê aangesien daar tans niemand in die Republiek is wat hom werklik oor die afstand behoorlik kan klop nie. Daarby is 'n vermindering van .6 sek. oor 120-tree 'n geweldige sprong.

Feit bly egter dat hy die eerste Suid-Afrikaner is om die afstand in minder as 14 sek. af te lê en dat hy nog slegs aan die begin van sy loopbaan staan. Dit is glad nie onmoontlik dat hy dus binne enkele jare die wêreldrekord kan verbeter nie.

Die volgende is 'n kort oorsig van sy loopbaan. Hy is 'n vierdejaar regstudent aan die P.U. vir C.H.O., en die seun van prof. W. N. Coetzee, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit, 'n voormalige Wes-Transvaalse, Grens en Oostelike-Provinsie rugbyspeler. Hy was ook onder die 30 spelers wat in 1937 vir die finale proewe vir die Springbokspan na Nieuseeland gekies is.

Hoewel Willie uitgeblink het in naellope gedurende sy laerskool jare, het hy op hoërskool nie juis presteer nie. Hy het altyd net geslaag om die atletiekspan te haal — maar aan entoesiasme was daar geen gebrek nie.

Op Universiteit, het hy sommer van die staanspoor die oog gevang en het sy debuut in P.U.-atletiekkringe gemaak toe hy in Maart 1962 'n nuwe P.U.-rekord opstel vir die 120-tree hekkies (O/19) met 'n tyd van 15 sek.

Op 27 Maart 1965, tydens die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe op Krugersdorp, wen Willie Coetzee, in die afwesigheid van Don MacDonald, die 120-tree hekkies in 14.3 sek.

Tydens die Wes-Transvaalse atletiekkampioenskappe op Potchefstroom, slaag hy weereens daarin om sy teenstanders te wen. (Uys 14.1 sek., Coetzee 13.8 sek.). sek.).

Willie Coetzee word aangewys as lid van die Suid-Afrikaanse Studente-atletiekspan om deur Duitsland te toer en op 7 September 1965 vertrek hy vanaf Jan Smutslughawe saam met vier Suid-Afrikaanse nasionale kampioene.

Gedurende die uiters suksesvolle toer het hulle deelgeneem aan verskeie atletiekbyeenkomste en het hulle afrigterskursusse bygewoon.

Met sy terugkeer na die Republiek lewer Willie Coetzee andermaal puik vertonings tydens verskeie byeenkomste.

Tydens vanjaar se Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe op die Vrystaatse Stadion in Bloemfontein, slaag hy net-net daarin om 'n oorwinning te behaal oor MacDonald in 'n uiters spannende wedloop. Albei se tyd was 14,2 sek., .1 sek. buite die S.A. rekord.

Met sy eerste vertoning as Springbok tydens die internasionale kragmeting op de Bill Swartovaal op 16 April, sorg Willie Coetzee vir die beste poging van sy loopbaan en word die eerste Suid-Afrikaner om die 120-tree hekkies in minder as 14 sek. te loop. Hy stel voor sy tuisskare 'n nuwe S.A. rekord van 13.8 sek. op, wat die vorige S.A. rekord met 0.3 sek. oortref.

Willie Coetzee word vandag beskou as 15de op die wêreld ranglys vir die 120-tree mans hekkies.

## S.A.-titel vir Wes-Tvl.



Willie Coetzee, knap hekkiesatleet van Wes-Transvaal seil oor 'n hekkie tydens 'n byeenkoms in Duitsland.

## JANNIE SCHUTTE SPEEL VIR MIELIEBOERE

**Jannie Schutte, belowende jong skrumskakel van die Puk is onlangs gekies om die Wes-Transvaal senior span teen Griekwas te verteenwoordig.**

Sy insluiting het hy te danke aan die stewige vertoning wat hy vir die Wes-Transvaal se B-span teen Oos-Transvaal gelewer het. Verskeie sportskrywers het daarop gewys dat hy beslis 'n aanwins vir die senior span sal wees.

Reeds op skool het hy op sportgebied uitgeblink waar hy ondermeer vir die Wes-Transvaalse skolespan diens gedoen het. Na 'n lang afwesigheid het die Puk weer 'n verteenwoordiger in die Wes-Transvaal span.

William Scott en Ferdie Postma is albei gekies as reserwes vir die Wes-Transvaal span. Twee ander Pukke het die B span gehaal. Hulle is Koos Du Plooy en Ibert Joubert.



JANNIE SCHUTTE

## Pragrugby teen Klerksdorp

In die eerste ligawedstryd van die seisoen wat op 2 April op die P.U. veld plaasgevind het, het die eerste span met sprankelrugby daarin geslaag om die sterk span van Klerksdorp met 23-11 te klop.

Soos vooraf beloof was dit 'n taai wedstryd waarin albei spanne alles uitgehaal het om 'n groot voorsprong te behaal. In die tweede helfte het die Pukke met pragrugby die oorwinning beklink.

Die tweede span het hul onoorwonne rekord behou deur die span van Klerksdorp met 25-0 onder die stof te loop.

In die ander voorwedstryd het die O/19 A-span ook hul krag getoon toe hulle 'n groot oorwinning oor Klerksdorp behaal het.

## Over de Voor wil lekker rugby in Natal speel

**Die onoorwonne rugbyspan van Over De Voor gaan in die eerste week van die Julie-vakansie op 'n blitstoer deur Natal.**

'n Toerspan van twintig spelers sal voorlopig net teen spanne van New Castle, Pietermaritzburg en Durban Collegians te staan kom. Die manne sal met twee kombi's en 'n aantal motors reis.

Mnr. Aab Henning, voormalige Transvaalspeler wat aan 'n finale Springbok proefwedstryd deelneem het, sal as breier en bestuurder optree.

**Volgens die organiseerder, mnr. Dok Breiers, is die manne vuur en vlam en vasberade om lekker harde voetbal te speel en die toer deeglik te geniet.**

Over De Voor het die reputasie dat hulle nog onoorwonne in hul liga is, en dat hul op die oomblik nie minder as vyf-en-sestig spelers het wat vir die P.U. se rugbyklub diens doen nie.

## Universiteite speel teen Transvaal

**'n Gekombineerde span van die Suid-Afrikaanse universiteite sal aan die einde van elke rugbyseisoen saamgestel word om teen die wenner van die Curriebeker te speel.**

**Die besluit is onlangs in Johannesburg deur verteenwoordigers van die verskillende universiteite geneem.**

**Die saak sal vir goedkeuring aan die Suid-Afrikaanse Rugbyraad voorgelê word. Die gekombineerde span sal nie vanjaar teen die Curriebekerwenners speel nie maar teen die Transvaalse span op Ellispark. Op die wyse kan die universiteite hulle dank bewys aan Transvaal wat 'n reuse aandeel het in die totstandkoming van die uitklopkompetisie, tussen tussen die verskillende universiteite.**

## Sokkergeesdrif loop hoog

'n Sokkergeesdriftige van Burton-On-Trent in Engeland, Peter O'Sullivan, het sy dogter van sewe maande vernoem na die hele Liverpoolse sokkerspan — twaalf spelers, die afrigter, bestuurder en breier. Haar eerste naam is Paula en dan volg: St. John Lawrence Lawler Bryne Strong Yeats Stevenson Callaghan Hunt Milne Smith Thompson Shankley Bennet Paisley O'Sullivan.

## Harde oefening en suiker meng nie met mekaar

**'n Verreikende rugbyverklaring is gedoen deur dr. W. J. Putter, lektor in die Liggaamlike Opvoeding Departement van die P.U., tydens die rugbyafrigterskursus wat die afgelope vakansie aan die P.U. plaasgevind het.**

Dr. Putter het gesê dat die laaste swaar oefening wat 'n speler voor 'n Saterdag se wedstryd moet hê, op die Dinsdag moet plaasvind. Hiermee is die ou bewering dat rugbyspelers tot 'n dag voor 'n belangrike wedstryd hard moet oefen, weerlê.

Die spiersuiker wat 'n speler se krag en vaart bepaal, maak vier dae na 'n swaar oefening sowat vyf persent van die spier se gewig uit. Normaalweg is dit maar een persent. Kort na 'n swaar oefening is die suikergehalte minimaal, het dr. Putter gesê.

Die Donderdag en Vrydag voor 'n belangrike wedstryd moet rugbyspelers nie langer as sowat vyftien minute per middag oefen nie. Die oefeninge moet van 'n ligte aard wees, sodat die spiere nie deeglik losgemaak word, sonder om aan te veel inspanning blootgesel te word, het dr. Putter gesê.

## Willie Nel was eerste in 1955

Die eerste P.U.-atleet wat daarin geslaag het om Springbokkleure te bekom, is Willie Nel. Hy het Suid-Afrika in 1955 teen 'n besoekende atletiekspan van Wes-Duitsland verteenwoordig het.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . . "

Turkstra

te kry by u kafeteria



Dit is die snit wat tel . . .

* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

J. Tod Suttie

Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411